

Sing vooraf: Skrifberyming 5-1:1 (6:1)

- 1 Oor die kruis neersinkend, bid Hy: / "Vader, ag vergeef hul dit, / want hul weet nie wat hul doen nie." /
As Hy so sy bede bid, / dan weerklink daar, slag ná slag, hamerhoue van die wag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 8: 3, 4, 5 (p. 30)

- 3 As ek, o Heer, u nagtelike hemel / daarbo aanskou, die tint- en glansgewemel;
Hoe, deur U toeberei, die skugter maan / met stille gang oor sterrevelde gaan –
- 4 Wat is die mens dan dat U hom gedenk het, / die mensekind wat U so ryk beskenk het!
Met eer en heerlijkheid is hy gekroon, / skaars minder as die eng'le om u troon.
- 5 U laat hom heers. Tot aan die verste strande / gebied hy oor die werke van u hande.
U het, o Heer, dit onder hom gestel, / dit hoor sy stem en beef voor sy bevel.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Skriflesing: Lukas 23

Teks: Lukas 23:18

Maar die hele menigte skreeu en sê: Weg met Hom, en laat vir ons Barábbas los!
(Lukas 23:18 AFR1953)

Die kerk het binn-in hierdie konflik van beginselloosheid aan die een kant en die geregtigheid van God aan die ander kant gestaan.

- Die Here Jesus se onskuld moes verklaar word, en Hy moes daarvolgens vrygespreek word.
- Maar die saak het anders verloop: Barabbas, wat inderdaad skuldig was aan die een of ander oortreding, word ten koste van Jesus vrygelaat en onskuldig verklaar.

Hierdie stuk geskiedenis demonstreer hoeveel 'n mens bereid is om op te offer, en hoe ver hy dit wat reg is, sal prysgee, as hy sy eie wandade wil regverdig.

Dit was 'n klomp kerkmense wat die oggend daar voor die heidense regter gestaan het.

- Die hele verhoor word deur hulle aangebied onder die dekmantel dat hulle hulle godsdiens en daarmee saam God se eer beskerm.

- Die waarheid was dat Jesus se prediking hulle geïrriteer het, want dit het elke keer hulle valsheid en skynheiligheid oopgevelek.

Eerste gaan hulle met Jesus na die Sanhedrin toe – kom ons noem dit die kerkraad.

- Hulle blinddoek Jesus.
 - Dis asof hierdie spot van hulle wil simboliseer dat hulle daarmee die Here se oë kan toedruk, dat Hy nie sien wat ons doen nie.
- Dit was kerkmense wat Jesus honend in die gesig geslaan het, en smalend gevra het dat Hy moet profeteer wie Hom geslaan het.

As ons nugter lees en probeer indink wat hier aan die gang was, sien ons dat dit maar 'n ongure prentjie was.

- Dit was inderdaad die mees opgevoede en verfynde mense uit die kerkvolk wat al hierdie aaklige dinge gedoen het.
- So laag kan mens daal.

Vroeg die môre besluit hulle dat Jesus doodgemaak moet word.

- Hulle het die hele nag deur vergader en planne gemaak, maar hulle elke keer vasgeloop teen die wet.
- Die Joodse Raad was nie wetlik gemagtig om iemand tot die dood te veroordeel nie – die Romeinse owerheid het hierdie deel van hulle reg van hulle af weggeneem.

Daarom moes hulle vir hierdie deel van die vonnis wat hulle uitgespreek wou hê, na die Romeinse owerheid toe gaan.

- Dis hoe dit gebeur dat hulle voor Pontius Pilatus beland.
- Pontius Pilatus was 'n heiden wat van 26 tot 36 na Christus oor Judea regeer het.
- Die Seun van God word verhoor deur 'n Romeinse heidense *procurator*.

Hierdie Pontius Pilatus was een van die grootste swakkeling in die geskiedenis van die Romeinse ryk.

- Hy was baie hebsugtig.
- Hy is ook later na Rome geroep en tot verantwoording geroep oor al die korrupsie wat hy gepleeg het.
- Hy was een van die heersers wat die meeste en die grootste wreedhede aangerig het.
- In hierdie wreedhede het hy niemand ontsien nie.

Die feit dat die kerkvolk hulle na hierdie man van ongeregtheid toe wend, wys al klaar hoe hulle gesindheid was.

- Net dit het al klaar voorspel dat hulle sou skreeu dat Barabbas losgelaat sou word.
- Die leiers van Jerusalem was bereid om tot sulke uiterstes toe te gaan, solank hulle net die Seun van God uit die pad kon kry.

Geboei soos 'n misdadiger staan die Here Jesus voor Pilatus.

- Die onreg wat die kerkvolk wil pleeg was so ontsettend dat selfs 'n slegte en wrede mens soos Pilatus daarvoor gehuiwer het.
- Ons lees baie duidelik van sy huiwering om die Here Jesus sonder meer te laat doodmaak.

Hy probeer telkens om sy bevinding, naamlik dat die Here Jesus onskuldig is, vir die volk te stel.

- Maar sy gebrek aan karakter verhoed hom om die regte uitspraak te gee en ook om die opstokers uit mekaar te jaag.

- Selfregverdigend was hy dan sy hande en verklaar dat Jesus onskuldig is, maar Hy onthef Hom nie van die doodstraf nie.

Hy probeer nog een keer om Jesus vry te kry.

- Hy was verplig om tydens die fees 'n politieke gevangene los te laat.
- Gelukkig het hy ook juis so 'n man: Barabbas.

Ons weet nie veel van die man nie.

- Ons weet net dat die Barabbas baie berug was, en dat hy as gevolg van sy bedrywighede by al die mense daar goed bekend was.
- Hy was onder andere in 'n opstand betrokke, en het tydens hierdie opstand moord gepleeg.
- Hy was 'n man sonder eer.

Die mense van die vroeë Christelike kerk het blykbaar nog iets meer van die man geweet.

- Die kerkvader Origenes skryf van hierdie Barabbas dat sy regte naam eintlik Jesus Barabbas was.
- Die vroeë skrywers het altyd die naam Jesus weggelaat wanneer hulle gedeeltes van die Bybel oorgeskryf het, omdat hierdie man so sleg was dat hy die naam Jesus nie werd was nie.
- Waarskynlik praat Origenes die waarheid want daar is baie handskrifte wat die man se naam het as *Jesus Barabbas*.

As u dit nou weet, kyk dan weer na die keuse wat Pontius Pilatus die mense gee:

- Kies: óf Jesus Christus, óf Jesus Barabbas!
- En die kerkmense wat daar staan en skreeu, kies vir Jesus Barabbas!
- Weg met Jesus Christus, die Seun van God! – Kruisig Hom!

Pilatus plaas die kerk in hierdie benarde posisie omdat die beginsel van reg nie by hom saakmaak nie.

- Die benardheid van die toestand is in twee dinge vasgevang
 - Die eerste is dat die wêreld die kerk laat besluit oor onheil waarvoor hyself kwalik kans sien.
 - Die tweede is dat die besluit van die kerk slegter is as die een van die wêreld.
 - Die kerk kies ter wille van hulleself teen die waarheid.

In al hierdie dinge lê 'n ontsettende diep vernedering vir Jesus die Seun van God.

- Die reg van God word deur die hoogste aardse regter prysgegee.
- Hierdie prysgawe word deur die uitverkore volk bevestig.

Heeltemal alleen het die Here Jesus die verskriklike pad van die dood geloop.

- Hy moet voldoen aan God se reg.
- Hy moet net – ter wille van ons – die wat Hom kruisig – want ons kan nie aan die reg van God voldoen nie.
- Maar deurdat Hy toelaat dat Hy gekruisig word, is Hy ten volle gehoorsaam aan die raad van God, en is Hy die enigste Een wat die geregtigheid van God uitvoer.
- Daardeur besorg Hy verlossing aan die gelowiges.

Die kruisiging van die Here Jesus konfronteer ons met die waardebeseft van die mens – die gelowige mens.

- Die kruis werk ontdekkend en skeidend.
- Dit skei tussen die gereddes en die wat God verwerp.
- Prakties:
 - Dit skei tussen die gelowiges wat ondanks al hulle foute steeds die Here bly aanbid

- en die ongelowiges en valse gelowiges wat hulle aan die reg van God nie steur nie.

Anders gesê:

- *Die kruis verseker juis 'n ewige lewe in saligheid by God vir die wat onder die reg van God buig*
- Maar terselfdertyd verseker dit 'n lewe in die ewige hel met sy spanning, wroeging en pyn vir die wat hulle eie reg oor God s'n neerskrif.

Ons sou baie dom wees as ons bly vassteek by die kerkmense van daardie dag se foute, en redeneer dat ons al op hulle verbeter het.

- Daar is baie vlakke van die lewe waar ons ook die waarheid in Barabbas sien.
- Daar is baie van ons wat met die lewensbeskouing wat ons utoeleef ook soos die mense voor Pilatus uitroep: weg met die Here Jesus!

Die Here Jesus staan vir baie sogenaamde gelowiges in ons pad! Daar is in die moderne tyd sogenaamde gelowiges wat glad nie gebind wil word deur die eise van die Here nie. Hulle sê:

- Gee ons die losbandigheid van die wêreld – die gees van ongebondenheid waar ons kan voorskryf en ons ding doen, sonder om deur die eis van God se aanbidding geknel te word.
- Daar is sogenaamde gelowiges (!) onder ons wat dink dis 'n misdaad om in ons tyd die beginsels van die Bybel in ons lewens toe te pas – hulle getuig openlik dat 'n beginselvaste lewe net te veel van ons vra.

Die Jode wat daardie oggend gestaan en skreeu het dat Jesus gekruisig moet word, het presies dieselfde probleem met die Here Jesus gehad, want Hy het hulle aanhoudend gekonfronteer met beginsels uit die Here se Woord.

- Daarom het hulle op die kruisigingsdag 'n hele klomp skokke deurgemaak.
 - Later die dag het die voorhangsel van die tempel geskeur – iets wat vir hulle heilig was!
 - Dit het helder oordag donker geword.
 - Dooies het opgestaan
 - Rotse het geskeur.

God self het met almagsgebeurtenisse sy mag aan hulle geopenbaar. En tog lees ons nie dat hierdie dinge deur hulle verhardheid kon dring en dat hulle tot bekering kom nie!

Die derde dag daarna het hulle by die wagte gehoor dat die Here Jesus inderdaad opgestaan het.

- Toe moes hulle die wagte duur betaal om te lieg en te sê dat die dissipels Jesus se liggaam kom steel het.

Ons het in die Bybel die getuienis van honderde mense dat die Here Jesus gesterf en opgestaan het.

- Hulle het gesien waar die Here gekruisig is
- Na die opstanding het die Here aan hulle verskyn.

Hierdie klomp getuienis oor die kruisiging en opstanding van die Here Jesus behoort ons baie ernstig te laat wees met ons godsdiens.

- Dit behoort ons te beweeg om ons onder alle omstandighede onder die wil van God te stel, en Hom met eer en respek (vrees?) te aanbid.
- Die kruis van ons Here Jesus het op Golgota gestaan as die teken van ons onbekwaamheid en leuens. Die kruis het daar gestaan vir al die verkeerde dinge wat eie is aan ons sondige mense.

MAAR

- Dit het ook daar gestaan vir al die dinge waarvoor die Here Jesus vir ons versoening bewerk.

- Dit getuig verder van die dinge waarvan die Here Jesus ons by ons herskepping met sy wederkoms vrymaak.

Daarom is die betekenis van Kruisigingsvrydag vir ons dit:

- Ons word op Kruisigingsvrydag weer herinner aan die grootheid van God se genade.
- Jesus is op hierdie dag gekruisig tot ons verlossing.
- Deur sy kruisiging en opstanding het die uitstorting van die Heilige Gees gekom.

Die Heilige Gees leer ons onderwerping aan en aanbidding van die Here Jesus Christus.

- Hy leer ons onderskei tussen ons belange en dié van God en sy koninkryk.
- Sodat ons anders kan dink en ander insigte het as die kerkvolk en sy leiers op Kruisigingsvrydag:
 - Dit het vir die leiers gegaan oor hulleself en hulle persoonlike belange.
 - Vir ons gaan dit daaroor dat die Here Jesus juis gekruisig is sodat ons nie beginselloos langs die geregtigheid van God verbyleef nie.
- Die krag van sy verlossingswerk is ook dat ons nie meer soos die volk op daardie Vrydag hoef te skreeu dat Barabbas losgelaat moet word nie.

God die Heilige Gees leer ons juis om te kan onderskei waar dit in die lewe op aankom, sodat ons kan wegbreek van halfslagtigheid waarin ons nie in staat is om ons beginsels in ons lewens toe te pas nie.

Die Here leer ons in die Bybel dat die laaste jare van die aarde se geskiedenis gekenmerk gaan word deur afval van die geloof, en verdrukking van die gelowiges.

- Ons sal dus baie keer in die situasie beland waar ons onder die druk van die wêreld sal kom om dit wat vir God reg is na te laat en dit te doen wat vir die wêreld reg of goed is.
- Maar dis in sulke tye wanneer u die genade van hierdie dag moet onthou.

Daar is twee dinge van belang:

- Die eerste is dat ons Here Jesus gekruisig is omdat ons nie God se reg kon handhaaf nie.
 - Dit behoort ons skaam te maak sodat ons nie weer so swak is as ons beginselbesluite moet neem nie.
- Tweedens moet ons onthou dat hierdie kruisiging versoening met God bewerk het.
 - *Die straf vir hierdie onbekwaamheid van ons is heeltemal deur die Here Jesus gedra.*
 - God se toorn oor ons ongeregtheid is daarmee stilgemaak.

Maar daar is meer by betrokke: Omdat ons verlos is en met God versoen is, daarom moet ons met alles in ons bly by die reg van God.

- Nie met praatwerk nie – met die uitlewing daarvan.
- Die Here het gesterf sodat ons dit inderdaad kan doen.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 38:1 (p. 189)

- 1 Straf tog nie in ongenade / my misdade, / HEER, verdra my met geduld.
Wil tog nie in toorn ontsteek nie / en U wreek nie / op my sonde en sondeskuld.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum : 16 Maart 2008